Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## Kommunikasie uit die Raad: Desember 2025

Die Raad het op 1 Desember ter afsluiting van 2025 byeengekom vir sy laaste vergadering van die jaar – 'n jaar wat ewe veel deur uitdaging, vernuwing en vooruitgang gekenmerk is. Daar was 'n diepe waardering vir die werk wat oor die Universiteit Stellenbosch (US)-gemeenskap heen gedoen is gedurende die jaar.

Daar is regdeur 2025 in die Raad se besprekings met 'n hoëronderwyslandskap geworstel wat deur ernstige geopolitieke en ekonomiese druk, die onttrekking van Amerikaanse federale finansiering, onsekerheid oor NSFAS, 'n gespanne plaaslike makro-ekonomiese omgewing en die toenemende belangrikheid van derde- en vierdestroominkomste gekenmerk word. Ons besprekings vandeesweek het 'n belangrike geleentheid gebied om oor die reis van die afgelope twaalf maande te besin, om die belangrike verskuiwings wat tans plaasvind te oorweeg, en om ons Universiteit vir langtermynvolhoubaarheid en die bereiking van die kragtige visie te posisioneer wat die Rektor en Visekanselier, prof Deresh Ramjugernath, daargestel het terwyl ons na 2026 beweeg.

Deur die jaar het verskeie duidelike temas in die Raad se oorsig na vore gekom:

**Finansiële veerkragtigheid en volhoubaarheid:** Die Raad het van krisisreaksie-werk rondom die Amerikaanse finansieringsbesnoeiings tot die versterking van finansiële langtermynbeplanning die belangrikheid van gedissiplineerde finansiële keuses ondersteun sonder om akademiese uitnemendheid prys te gee.

**Transformasie en insluiting:** Die bevordering van CIRCoRe se aanbevelings (insluitende die skepping van 'n universiteit waar al sy belanghebbendes ingesluit en tuis voel) en die verbetering van die Universiteit se B-BBEE-posisie en verbintenisse was sentraal tot besprekings oor gedemonstreerde transformasie.

**Mense, kultuur en organisatoriese belyning:** Die herindeling van die Rektoraat, kapasiteitsuitbouing, doelbewuste aandag aan personeelwelstand, die verhoging van die nougesetheid van akademiese lewering en die ontwikkeling van die prestasiebevorderingsraamwerk het aansienlike aandag by die Raad en sy komitees geniet. Dit sou egter regverdig wees om te sê dat die Raad graag groter vordering met betrekking tot al hierdie kwessies sou wou sien.

**Akademiese uitnemendheid en studentesukses:** Die Raad besef die belangrikheid van programvernuwing, data-integriteit, meertaligheid, hibridiese leer, gehalteversekering en omvattende ondersteuning vir studente in die vorming van die akademiese projek by die US en het skakeling en gesprekke oor hierdie kwessies waardeer.

**Innovasie, vennootskappe en nuwe inkomstestrome:** Hetsy deur navorsingsamewerking, entrepreneurskap, tegnologie-oordrag of Afrika-vennootskappe, het die US sy voetspoor en

toekomsgerigte vermoëns uitgebrei. Die Raad het erken dat die vaslegging van vermoëns binne die US om hierdie inisiatiewe suksesvol te vestig en te dryf, fundamenteel vir die toekomstige sukses van die Universiteit sal wees.

**Oorsigbestuur en verantwoordbaarheid:** Die Raad neem sy toesighoudende verantwoordelikhede baie ernstig op en daarom maak statutêre, akademiese, finansiële en risiko-oorsigte 'n groot deel van die agendas van die Raad en sy komitees uit. Die Raad het ook baie baat gevind by sy twee gesprekke per jaar met die Ombud.

**Leierskapsverskuiwings in 2025**

Ons het aan die einde van Maart afskeid geneem van prof Wim de Villiers wie se tweede en laaste termyn as Rektor en Visekanselier ten einde geloop het.

Prof Deresh Ramjugernath het op 1 April die amp as die Universiteit se 13de Rektor en Visekanselier aanvaar en is op 1 Oktober formeel ingehuldig. Sy kragtige strategiese fokus – **akademiese uitnemendheid; mense, kultuur en prosesse; en vennootskappe en volhoubaarheid** – het die instelling se jaar gerig.

Ons het ook ons nuwe Kanselier, Reserwebankpresident Leseta Kganyago, verwelkom. Hy is op 18 Junie formeel ingehuldig.

Beide prof Deresh en president Kganyago se inhuldigingsplegtighede was wonderlike, vreugdevolle geleenthede. Dit was 'n vertoonvenster van dít wat ons Universiteit so spesiaal maak en het 'n onuitwisbare indruk op almal gelaat wat bevoorreg was om die inhuldigings te kon bywoon.

Daar was egter terselfdertyd ook oomblikke waarby ons behoort stil te staan om te besin oor hoeveel werk ons nog moet doen om al ons belanghebbendes saam met ons op die reis vorentoe te neem. Dit behoort niemand te verbaas nie, want verandering kan ontstellend wees en 'n gevoel van tuishoort uitdaag. Maar ek dink ons behoort almal – in ons persoonlike en professionele hoedanighede – daaraan te werk om 'n US te skep waar alle belanghebbendes tuis voel.

**Belangrike Desember-aangeleenthede**

Die Raadsagenda vir Desember het beide die hoogtepunt van 2025 – wat begin het met die Rektor se besinning oor die US se vordering gedurende sy eerste jaar in die amp – en die eerste konkrete stappe na 2026 vasgevang.

**Strategiese beplanning en belyning**

Die Raad het die strategiese konsepraamwerk en institusionele planne bespreek. Dit sal in die komende weke gefinaliseer word sodra die Raad se kommentaar aangespreek is.

**2026-begroting**

Die Raad het die hoof- en geïntegreerde begroting vir 2026 goedgekeur wat die risiko's in die bogenoemde bedryfskonteks erken en versigtigheid met die behoefte om die Universiteit se akademiese missie te handhaaf, balanseer.

Die Raad het 'n salarisverhoging van 5% vir personeel ondersteun, wat bo die VPI is. 'n Ex-gratia-betaling van 1% vir 2025 is ook goedgekeur om personeel vir hulle toewyding en veerkragtigheid te bedank waarmee hulle deur 'n veeleisende jaar gekom het. Die Raad verwag om in 2026 'n bonus aan toppresterende personeel te betaal en daarom is die afsluiting van die prestasiebevorderingsraamwerk van uiterste belang.

**Mense, kultuur en prosesse**

Die Raad het besin oor sleutelkwessies wat deur die jaar geopper is, insluitende personeel- en studentewelstand en die behoefte aan versterkte samewerking, vertroue en verbeterde administratiewe en veranderingsprosesse.

Die Raad het ook uitgebreide terugvoer van die waarnemende Bedryfshoof, waarnemende Viserektor: Akademies en die waarnemende Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake ontvang wat almal besin het oor die sterkte en toewyding van hulle spanne. Die Raad is dankbaar vir hierdie kollegas wat na vore gekom het om hierdie verantwoordelikheidsentrums in so 'n groot jaar vir die Universiteit te lei. Dankie ook aan diegene wat ingespring het om tydelik in hulle leiersposisies waar te neem.

**Diepgaande ontleding**

Prof Erick Strauss het 'n bespreking gelei oor sy werk om die Afrika-sentrum vir Terapeutiese Innovasie (ACTI) te skep. Dit is 'n interdissiplinêre en interkontinentale inisiatief wat op geneesmiddelontdekking, platformontwikkeling en navorsingsamewerking fokus). Lesse oor die groot potensiaal van interdissiplinêre samewerking en vennootskappe (en in hierdie geval ook interkontinentale samewerking), asook die probleme om hierdie tipe inisiatief te bewerkstellig, het die Raad 'n werklike voorbeeld van die werk gegee wat nodig is om meer sulke medewerkings in die toekoms te bewerkstellig.

**US aan die einde van 2025**

Die US sluit 2025 af nadat die instelling beduidende druk deurstaan het terwyl dit die Rektor se agenda om verandering te bevorder, finansiële volhoubaarheid te versterk, in mense te belê, kernstelsels te stabiliseer en die instelling se verbintenis tot akademiese uitnemendheid gehandhaaf het.

Die komende jaar gaan deur gedissiplineerde implementering gekenmerk word. Die Raad ondersteun die Rektor en die Universiteitsgemeenskap heelhartig in die uitvoering van sy kragtige visie.

Hartlike dank aan almal vir julle toewyding en bydrae in 2025.

Die Raad sien daarna uit om in 2026 saam met julle te werk om 'n sterk, vooruitstrewende en inklusiewe Universiteit Stellenbosch te bou.

Vriendelike groete

**Nicky Newton-King**

Raadsvoorsitter